**Saterdag 7 Oktober**
**Skrifgedeelte: Spreuke 22:17-29 (AFR53)**
**Fokusgedeelte: Spreuke 22:29**
**Ons is eerbaar, want ons werk vir die Koning**

Die Spreukeskrywer wil die leser oproep om met aandag goed te luister wat hy wil sê, want dit is ’n lieflike skat van wysheid wat bewaar moet word in die hoorder se hart dat sy vertroue op die HERE mag wees. Onder hierdie wysheid word vers 29 dan ook ingesluit. Dat ’n man vaardig in sy werk nie voor geringes hoef te staan nie, maar voor konings kan staan.

Kosbaar aan hierdie gedagtes is dat die soorte werk van ’n man nie uitgesonder word of die een bo die ander beklemtoon word nie, maar dat dit hier gaan oor die persoon wat sy werk goed doen eerder as oor die werk wat hy doen. Iemand wat vaardig word in sy taak, openbaar dat hy daarin geoefen is. Met ander woorde dat luiheid in hom nie te vinde is nie, maar dat hy met ywer sy ambag leer ken het en daarin sy beste gee. So ’n man is eerbaar genoeg om voor konings te staan.

Waarom is hy eerbaar? En hoe sal ons wat so in ons werk vorder, ooit voor konings staan? Die eerbaarheid van alle werk lê in die feit dat dit die vervulling is van ons opdrag om onderkonings van die wêreld te wees, soos God ons dit beveel het in die paradys. Dit is om wat Hy gemaak het, te bewerk en dit tot eer van Hom wat dit so geskep het en ons so geskep het dat ons daarmee Hom kan verheerlik. Natuurlik verrig ons ons werk voor die Ewige Koning wat ons daarvoor geroep het om in sy Koninkryk werksaam te wees.

As ons vir die Koning werk, sal ons ook streef om dit vaardig te doen, want eindelik is ons werk sy werk, en ons Koning Jesus Christus se werk is volmaak soos Hy dit in sy verlossingstaak bewys het. Daarom streef ons om ons dagtaak, waarin ons ons brood verdien, maar waarin ons ook sy opdrag om sy evangelie te verkondig, nakom, dit tot die beste van ons vermoë te doen. Soos Christus vertel in sy gelykenis van die talente, sal ons by die terugkeer van die Koning rekenskap gee van ons werk. Was dit vir geringes, vir mense? Of was dit vir die Koning?

*Sing: Psalm 90-1:9*

*Ds. HFR Pelser (Riekert) (Kemptonpark)*